

Donderdag 5 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21	Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3
--	--

Jesus verskyn tot ons verlossing (5)

Oor ons dood en oor ons graf heers die opstanding uit die dood en die ingaan in God se ewige koninkryk. “Ja,” sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.”

Die Here kom telkens terug op die tema dat ons sy woord en die profesieë daarin moet bewaar. Elke keer word die noodsaak daarvan uit 'n ander hoek belig. Wanneer die sesde engel sy skaalbak uitgooi op die groot Eufraatrivier, word die grense tussen kerk en wêreld uitgewis. In daardie tyd werk die duiwel uit die hel in die kerk op drie verskillende terreine: Die eerste is 'n regstreeks duiwelse invloed in die kerk. Die tweede is 'n politieke gees wat die kerk vasvang. Die derde is 'n streep dwaalleer en afgodsdienste wat van die kansels af kom.

Hierdie magte vorm saam 'n span wat in groot eenheid en harmonie saamwerk teen die Here en sy kerk. Uiteindelik mobiliseer hulle al die magte wat op die aarde is om teen God oorlog te voer. Daar is net een manier hoe ons nie onder die invloed van hierdie magte kan kom nie, en dit is deur die woord van die Here te ken – sodat ons God self ken en sy openbaring ken. Dan kan ons onderskei tussen hierdie magte se leuens en die suiwer leer van God.

Kan ek ooit die Woord van God ken? Ja, want die herskeppingswerk van ons Here Jesus en die inwerking van God die Heilige Gees is almagtige werking. Ons moet net ons verantwoordelikheid nakom.

Sing: Psalm 71-1:10

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)